# GEDRAGSKODE

Strand Patrol in die Strand is nie n regspersoon nie en funksioneer binne die riglyne soos uiteengesit in die gedragskode, wat op alle lede van toepassing is.

## 1. VERANTWOORDELIKHEDE

1.1 Elke lid moet aan sy Bevel en Beheer leier n volledige verslag oorhandig oor alle gebeure en voorvalle tydens die lid se patrollie. Die verslag moet binne 24uur na afloop van die patrollie oorhandig word.

1.2 Die verslag kan in n epos of per whatsapp d.m.v n klankboodskap aangestuur word.

1.3 Die Bevel en Beheer leier moet alle verslae aan die Veiligheidsvoorsitter en Buurtwagleier oorhandig sodra dit ontvang is. Indien SAPD n redelike versoek rig dat n verklaring oor n spesifieke voorval gegee word, moet die betrokke lede aan die versoek voldoen.

1.4 Die Buurtwag moet te alle tye binne die raamwerk van die wetgewing van die Republiek van Suid-Afrika optree.

1.5 Die ondergetekende bevestig en erken hiermee dat hy/sy die ouderdom van 18 (agtien) beriek het, en erken voorts dat hy/sy bewus is daarvan dat geen persoon onder die ouderdom van 18 (agtien) lid van die Buurtwag mag wees nie, en voorts dat dit ontoelaatbaar is vir enige persoon onder 18 (agtien) om aan enige patrollie van die Buurtwag deel te neem.

## 2. INHEGTENISNEMING

2.1 Die Buurtwag het geen magte vir inhegtenisneming bo en behalwe die magte van gewone lansburgers nie. Hierdie magte word uiteengesit in die Strafproseswet (No 51 vsn 1977), soos gewysig. Hierdie voorskrifte moet te alle tye gehoorsaam word.

2.2 Lede van die Buurtwag word verbied om die reg in eie hande te neem en om onnodig op n wyse te handel wat vir hulle gevaar inhou.

# 3. IDENTIFIKASIE

3.1 Alle Buurtwaglede moet identifiseerbaar wees tydens patrollie. Dit sluit n glimbaadjie, buurtwagvoertuigmagnete en wit/groen ligte.

3.2 Slegs lede van die Buurtwag mag aan patrollies onder die vaandel van die Buurtwag deelneem.

# 4. GEDRAG

4.1 Alle Buurtwaglede moet tydens patrollies beskaafd en nie geweldadig optree. Geen rassisme, seksisme of enige ander vorm van diskriminasie word geduld nie.

4.2 Die gebruik van enige vorm van alkohol en/of enige ander verdowingsmiddel voor en/of tydens patrollies word ten strengste verbied.

4.2 Die patrolleerder mag geen onwettige vuurwapens by hom of haar hê nie. Indien n Buurtwaglid hom of haar aan enige kriminele oortredings skuldig maak, sal dissiplinêre stappe teen die persoon geneem word.

4.3 Lede mag geen sensitiewe inligting uitgee wat in die uitvoering van hulle pligte bekom is nie. Geen informasie op die Buurtwag-groepe mag gedeel word nie.

4.4 Elke lid op patrollie moet te alle tye n werkende selfoon en/of tweerigtingradio hê.

4.5 Wanneer n voorval aangemeld word, moet alle lede op patrollie die Bevel en Beheer lid se opdragte volg. Indien die SAPD betrokke is moet alle lede die SAPD se opdragte volg en gehoorsaam soos bedoel in die toepaslike wetgewing. Observeer en doen verslag..

4.6 Geen patrollie lid van die Buurtwag mag enige verklarings of inligting vir die media gee nie. Slegs die Veiligheidsvoorsitter mag dit hanteer.

4.7 Die ondergetekende bevestig en erken hiermee dat indien hy/sy in besit is van n gelisensieerde vuurwapen, dat hy/sy hom/haar van die Wet op Beheer van Vuurwapens (No 60 van 2000)

vergewis het, en dat hy/sy die gemelde vuurwapen ingevolge sodanige wet en enige ander relevante wetgewing sal hanteer en dra.

# 5. SAMEWERKING MET SAPD

5.1 Ingevolge die Polisiewet (No 68 van 1995) en die Strafproseswet (No 51 van 1977) kan enige landsburger tussen 18 en 65 jaar deur die SAPD opgekommandeer word om van hulp te wees in gevalle waar dit nodig geag word. Indien die SAPD dus om hulp vra, moet dit sover moontlik verleen word.

# 6.VRYWARING

6.1 Die Buurtwag STRAND PATROL is NIE n regspersoon nie en funksioneer binne die riglyne soos uiteengesit in die gedragskode soos op alle Buurtwagte van toepassing.

6.2 Die ondertekende, as vrywilliger, ondersteun en onderskryf hierdie gedragskode en erken dat betrokkenheid by die Buurtwag n vrywillige assosiasie is. Elke individu aanvaar aanspreeklikheid in daardie hoedanigheid.

6.3 Die ondertekende vrywaar hiermee die Buurtwag STRAND PATROL of spesifieke bestuur/leiers of enige persoon wat in sy of haar hoedanigheid optree ter organisering of koördineering van enige aktiwiteit van die Buurtwag waaraan die ondergetekende deelneem, ten opsigte van, maar nie beperk tot, enige eis, skade, verlies, dood of besering wat sodanige persoon opdoen vanweë sy/haar deelname aan enige aktiwiteit van die Buurtwag.

6.4 Enige strafregtelike, siviele of ander aksies teen die ondergetekende wat voortspruit uit enige aktiwiteit van die Buurtwag waaraan die ondergetekende deelneem, moet ingestel word teen die ondergetekende en NIE teen die Buurtwag STRAND PATROL nie. Die ondergetekende vrywaar die Buurtwag STRAND PATROL, die bestuur, leiers en lede.

# 7.RADIONETWERK

7.1 Die ondergetekende onderneem hiermee om die radio met respek en verantwoordelikheid te hanteer. Die ondertekende moet toesien dat hy/sy op hoogte bly van sodanige radio opleiding. Die ondertekende bevestig en erken dat, indien die radio en/of enige ander toerusting en/of bate wat aan STRAND PATROL behoort, aan die ondergetekende oorhandig word, die ondergetekende verantwoordelik is vir die toerusting en/of bate. Die ondergetekende onderneem om hierdie items terug te besorg aan STRAND PATROL, aan die einde van die gebruikstydperk in dieselfde toestand waarin dit ontvang is.

7.2 Die ondergetekende bevestig, onderneem en erken dat indien die toerusting en/of bate enigsins beskadig of verlore raak, dit die verantwoordelikheid van die ondertekende is om dit te vervang en/of herstel. Die ondertekende sal verantwoordelik wees vir alle kostes hieraan verbonde.

# 8.ALGEMENE REëLS

**8.1 Roepseine moet duidelik gebruik word.Radios moet ten alle tye aangeskakel wees op patrollie. Slegs relevante inligting word deurgegee op die radio. Geen onbedagsame en/of kru taal gebruik en/of ongevraagde aanmerkings. Geen musiek of gekskeer oor die radio. Geen sensitiewe inligting oor die radio nie. Die netwerk se frekwensie mag nie aan enige iemand bekend gemaak word nie.**

# 9.VERTROULIKHEID / NIEOPENBAARMAKING

**9.1 Hiermee erken en stem ek, as 'n lid van Strand PAtrol Buurtwag, toe dat alle inligting wat gedeel word binne Strand Patrol kommunikasiegroepe op WhatsApp, sowel as inligting wat vertroulik mondelings meegedeel word, streng vertroulik is. Ek onderneem om geen sulke inligting met enige buitestanders of nie-lidmaatskap individue te deel, versprei, of openbaar te maak nie, tensy uitdruklik toestemming verleen is deur die toepaslike Strand Patrol Buurtwag se bestuur.**

9.2 Ek verstaan dat enige oortreding van hierdie verklaring beskou kan word as 'n ernstige oortreding van die vertroue wat aan my geplaas is as 'n lid van die buurtwag en dat dit kan lei tot dissiplinêre stappe teen my, insluitende maar nie beperk tot skorsing of beëindiging van my lidmaatskap. Verder mag regsoptrede ook oorweeg word teen my vir enige skade of nadeel wat die Strandpatrollie Buurtwag of enige van sy lede mag ly as gevolg van sodanige oortredings.

*Deur hierdie dokument te onderteken gee ek die Buurtwag STRAND PATROL toestemming om al my persoonlike inligting wat daarop ingevul is te gebruik, te verwerk en aan te wend vir:*

Die verskaffing van nodige inligting aan die Buurtwagleierskap.
Die gebruik van inligting vir die byhou van administrasie, verslae en statistieke.

**Hiermee verklaar ek (volle name en van) ______________________________________________**

**Met ID nr ____________________________**

**Dat ek vertroud is met die inhoud van die STRAND PATROL Buurtwag-patrolliegedragskode, die radiogedragskode en die vrywaringsvorm. Dat ek my verbind as vrywilliger tot die STRAND PATROL Buurtwag. Dat ek aan die gesag van die STRAND PATROL Buurtwag se bestuur onderwerp sover dit enige verwante aangeleenthede betref.**

**Geteken te ___________________ op die ______ dag van _________________ 20_____**

**Handtekening ______________________**

**Selfoonnommer_____________________**

**Getuie_____________________________**

# PATROLLEERDERINLIGTING

**STRAND PATROL**

| | |
|---|---|
| **Naam:** | |
| **Van:** | |
| **Geboortedatum:** | |
| **Woonadres:** | |
| **Kontaknommer:** | |
| **E-posadres:** | |
| **Naam van naasbestaande:** | |
| **Kontaknommer van naasbestaande:** | |
| **Mediese fonds en Lidnommer:** | |
| **Allergieë:** | |
| **Bloedgroep:** | |
| **Chroniese medikasie:** | |
| **Enige mediese kondisie:** | |
| **Fabrikaat van voertuig:** | |
| **Registrasienommer:** | |
| **Vuurwapen Lisensie JA/of NEE:** | |

***Heg aan: Afskrif van ID, Bestuurslisensie asook Vuurwapen lisensie waar van toepassing.***

# Finansiële Bydrae

Ons versoek dat indien moontlik u as lid 'n maandelikse bydrae kan maak vir die operasionele aspekte van Strand Patrol. Fondse word aangewend om ons radionetwerk op die lug te hou - versekering van toerusting, huur van frekwensie, onderhoud op toring en meegaande toerusting asook aankoop van pepersproei, bibs, nuwe radios soos benodig, aankoop en aanvul van noodhulptoerusting, aankoop en onderhoud van brandblussers, toerusting vir ongelukstoneel-hantering, dekking van administratiewe kostes ens. Indien u geen bedrag kan bydrae los asb oop.

Indien u wel 'n maandelikse bydrae kan lewer, kies gerus hieronder
If you can make a monthly contribution, please choose below

| | |
|---|---|
| R100 | |
| R200 | |
| R300 | |
| Ander Bedrag | |

| **BESTELLINGS** | | | **SIZE** | | **Qty** |
|---|---|---|---|---|---|
| Swart Reflective Bib met kenteken | | | | R200 | |
| Magneet deur stel 2 x groot and 1 x klein reflective | | | | R330 | |
| Cap/beanie met kenteken en roepsein | cap | beanie | | R100 | |
| Golf hemp met kenteken en roepsein (Lang mou +R75) | lang | kort | | R195 | |

**STRAND PATROL NPC – CAPITEC BUSINESS - BRANCH CODE 450105**